

PUKKE!

vir al u kleurbaadjies

Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.

Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD



Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In u lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVIII

WOENSDAG, 22 AUGUSTUS 1973

Nr. 9

**CACHET
APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.

★
DIE
STUDENTE-APTEEK

KOVSIES VANG PUKKE OP POTCH



Foto: Fotokuns.

Die Bult Aptek

NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE
. ONS KEN U BEHOEFTE

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.)
Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer
(B.Sc.-Far) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far)
L.A.V. (Besturend).

**SKAAK-
REËLINGS**

- Nie meer as vier Wagte by Dirigent.
- Nie meer as agt Skakers.
- Agtervolging mag nie buite-dorpsgrense geskied.

Dit is hoe Oujongnooiens die kat in die donker knyp

GESELLIG HET ONS DIE AAND in die kamer verkeer. Pierre Fourie was op die agenda. Jan Henning se snor wat na drie maande se toegewyde arbeid nogsteeds nie sigbaar is nie. Andries Krogman wat die Indiër probeer verneuk het by die groentewinkel. Dirk Schoeman se skoonpa wat meen Dirk het 'n uitlandse gesig wat nie strook met ons Afrikaner tradisies nie. Danie Geldenhuys se droewige jaarpunte. Enige persoon kan dus sien dat ons 'n interessante bespreking gehad het. Persone wat dit nie kon sien nie moet mnr. Jan Henning skakel by 3785 vir verdere verduideliking.

Meteens word 'n besluit geneem om ietsie te gaan geniet by die padkafée. Die besluit is geneem sonder enige ongerymde motiewe. Andries Krogman se antieke wrak wat deur die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie aan hom geskenk is, word ingespan.

Bedwelmend deur die skoon aandlug; besied deur sigaar-rook in 'n motor sonder oop vensters keer ons terug, langs 'n ompad. Die neem van 'n ompad is te wyte aan die feit dat Krogman se linkerlig nie brand nie terwyl sy petrolliggie wel brand.

Vier motors keer ons voor. Twaalf persone beweeg uit die motors uit.

"Klim uit, Pukke!" kom die bevel.

Op hierdie stadium het die Kowsies ons omsingel. Elkeen met 'n eienaardige blikkie in die hand. Die soort blikkies wat bang oujongnooiens gebruik om inbrekers mee te verblind vir ses uur. Manmoedig kan deur 'n enkele drukuitoefening op die knoppie 'n straal uitgespuut word wat 'n permanente vlek op vlees kan laat en gesigsvermoë kan inperk.

Statig staan die twaalf oujongnooiens voor ons. Hul kragte aangevul deur gespierde manne wat saam opgroei met ons vrugbare bodem. Manne wat staan in die simbool van mieliestronke en beetplantjies.

Knoppies word gedruk met behendige vaardigheid wat getuig van jarelange se ondervinding aan 'n opvoedkundige instituut.

Gedurende die harwar het Dirk Schoeman die loop geneem met twee desperate oujongnooiens kort op sy hakke in 'n ligte afleweringswa. Dirk is later by Olēnpark gevang en sy hare is sonder enige menslike tegemoetkomendheid afgesny.

Een van die helde van oorlede President Steyn se voormalige Republiek, het Kroggies se bril opgelig en die gevaarlike vloeistof direk in sy oë ingespuut. Die gevolg hiervan is 'n afspraak by die spesialis.

Een van die oujongnooiens, 'n oud-Puk, se reaksie hierop was: "Ek kom terug om Puk reg te ruk."

Dit is net 'n geluk dat die oë van die ander persone nie beskadig is nie.

Later die aand het ons minder gesellig in die kamer verkeer. 'n Uittartende houding was op die agenda. 'n Totale wanbegrip van Intervarsity-gees. Aanranding teenoor vier sportmanne wat Saterdag moet optree. Dit alles het ons bespreek. Enige persoon kan dus sien dat ons 'n ernstige bespreking gehad het. Persone wat dit nie kan sien nie, moet mnr. Jan Henning bel by 3785 vir verdere verduideliking.

PERSVERKLARING DEUR MNR. FIKA VAN RENSBURG

S.R. Voorsitter, P.U. vir C.H.O.

Ek betreur dit baie sterk dat studente van die U.O.V.S. hierdie misstap begaan het. Dit blyk dat hierdie persone onnadenkend opgetree het en die implikasies van hul daad nie in die oog gehad het nie. Hoewel die Bloemfontein se S.R. die verantwoordelikhede sal moet neem, wil ek dit onomwonde stel dat hulle geensins verantwoordelik of aandadig was nie. Dit is jammer dat hierdie gebeure van ons beste langafstandlete moes tref. Afgesien van die Intervarsitywedloop waaraan Krogman nie meer sal kan deelneem, is dit baie sterk te betwyfel dat hy aan die S.A. landloopkampioenskappe in Durban sal kan deelneem.

Ek wil die vertroue uitspreek dat hierdie onsmaklike affêre die jaarlikse Intervarsity in die weegskaal sal plaas nie. Verder is ek seker dat die Studenteraad van U.O.V.S. die nodige stappe sal neem om hierdie manne aan die man te bring.

Ons mag nie toelaat — en ek weet ek praat namens sowel Puk as U.O.V.S. — dat 'n molshopie tot 'n berg aangeblaas word nie en sodoende 'n grootse saak verongeluk word. Dit blyk dat met die groter-

wordende studentetalle, beheer oor studente bemoeilik word. Om die rede moet ons miskien daaraan dink om enige skaakpogings af te stel.

Tans, in hierdie kritieke stadium waar intervarsities oral in die land in die weegskaal is, mag ons nie toelaat dat sulke insidente uit verband geruk word en bestaande goeie betrekkinge vertroebel nie.

Dit is 'n voorreg om as Afrikaners en as enersdenkendes intervarsity te hou. Daarom mag ons dit nie verongeluk nie.



Fika van Rensburg.
Foto: Fotokuns.

Boomplantdag

U word vriendelik herrinner aan 'n boomplantdag wat moremiddag in die Totiusgedenktuin gehou sal word. Die optog begin om 2.15 nm. vanaf die Stadsaal en Pukke word versoek om kleurbaadjies aan te hê. By die geleentheid sal die Puk vyf bome plant.

Die Wapad word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville, Tvl. Posbus 406, Tel. 6184.

Ondersteun

ons

Adverteerders


U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTE
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die potchefstroomse boekhandel“

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM



CITROËN^GS

ALLE MODELLE CITROËN BESIKBAAR BY:

**KOLLEGE
DIENSSENTRUM**

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800

POTCHEFSTROOM